

DIE KAAPSE

BIBLIO

TEKARIS

VOL.36 NO.1
JANUARIE 1992
JANUARY

BEPLANNING

Beplan só

.....

Budgeting

.....

IFLA Conference
in Moscow

.....

'n Naslaandiens

THE CAPE

LIBRARIAN

RESEARCH SECTION
Modern Cape Library Service

Redaksionele Beleid

Die Kaapse Bibliotekaris is die huisblad van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn elke maand behalwe in Julie en Desember. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinste asook praktiese artikels oor uitstalwene en biblioteekadministrasie. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van bydraes wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan aan die redakteur gestuur word.

Editorial Policy

The Cape Librarian is the house journal of the Cape Provincial Library Service. It is published monthly except in July and December. Articles in the field of library and information science, practical articles on displays and library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that all copy supplied will be printed. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted to the editor.

Redaksie / Editorial Staff

Hoof: Reklame en Publikasies

Head: Promotion and Publications

Zirkëa Ellis

Redakteur / Editor

Ieteke Oggel

Grafiese ontwerpers / Graphic designers

Monica Wagner

Meta Zöllner

Ontwerp vir omslag / Cover design

Monica Wagner

Reproduksie / Reproduction

Unifoto

Drukker / Printer

Galvin & Sales

Tel: (021) 258-2446

Faks / Fax: (021) 419-7541

Adres / Address:

Posbus 2108 / PO Box 2108

Kaapstad / Cape Town, 8000

Geïndekseer in / Indexed in Lisa (Library and Information Science Abstracts)

© Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens

© The Cape Provincial Library Service

SA ISSN 0 008 5790

DIE KAAPSE

Vol 36 no 1 Januarie 1992

Artikels / Features


- | | | |
|----|---|---------------------|
| 12 | Beplanning | Frans van der Merwe |
| | 'n Noodsaaklike belegging vir openbare biblioteke | |
| 16 | Strategic Financial Planning for Public Libraries | Ilze Swart |

Rubrieke / Columns

- | | | |
|----|---|--------------------|
| 2 | Agenda | |
| 3 | Forum | |
| 4 | Naslaanwerke | |
| | Strategie vir 'n Naslaandiens | Charlene Malan |
| 6 | Biblioteekfokus | |
| | Calvinia Openbare Biblioteek | Hester Olivier |
| 8 | Skrywers en boeke / Books and authors | |
| | André P Brink | Linette Viljoen |
| | The Booker Prize, 1991 | Cecily van Gend |
| 10 | New developments | |
| | IFLA Conference in Moscow | Mary Nassimbeni |
| 20 | Children's focus | |
| | Library Orientation | Johanna de Beer |
| 22 | Biblioteekadministrasie | |
| | Produktiwiteit in die openbare biblioteek | Fritz van Dyk |
| 30 | Uitstalwene | |
| | Hoe word plakkate geberg en hergebruik? | Jean van Zyl |
| 32 | Computerisation | |
| | Conversion of the Database | Liesel de Villiers |
| | The current state of implementation | André Steenkamp |
| 34 | New display material | |
| | Welcome to the New Year! | Zirkëa Ellis |



Hulde aan ons vorige Direkteur, bladsy 39.



New promotion material, page 34.

BIBLIOTEKARIS

The Cape Librarian

Nuus / News

- 39 Kalender
- 39 Mense
- 41 Biblioteke
- 44 Bekroonde boeke
- 44 Opleiding
- 45 Hiervan en daarvan

Resensies / Reviews

- 24 Books
- 29 Records

Aanwinste / Accessions


- 35 Books

Allerlei / Miscellaneous

- 19 So dink ons lesers! Ieteke Oggel



South African librarians in Moscow, page 10.



Ons mees omstrede Afrikaanse skrywer - André P Brink, bladsy 8.

Redaksioneel / Editorial

Dis vrolik, dis pret, dis **Kinderkarnaval** - 1992 se tema! Ons kinderbibliotekaris gaan vanjaar 'n fees hê. Hul kan hul kreatiewe denke vrye teuels gee en alles rondom die kindergebruiker beplan, met diere in die hoofrol. **Diereplesier** sal in Biblioteekweek afskop en in heelwat projekte deurgevoer word. Ons verskaf onder meer 'n drietalige inkleurkalender vir kinders en 'n besondere pakket vir Biblioteekweek. Maar voor ek my mond heeltemal verby praat, meer besonderhede hieroor in 'n volgende uitgawe.

Na aanleiding van die vraelyste wat ons teruggekry het, het ons die 'looks' van ons tydskrif aansienlik verander (kyk die evaluering van die vraelys op bladsy 19). Onder meer is die kopie in 'n meer leesbare lettertipe geset, hoofartikels kry opsommings in die tweede taal en humor in die vorm van 'n rubriek, *Voor my toonbank verby*, sal elke tweede maand verskyn. Hier kan bibliotekaris self oor die lief en leed in hul biblioteke praat. Ou treffers soos *Nuut op die Rak*, *Rondom ons Beroep*, *Kindersfokus* en *Biblioteekfokus*, is weer vanjaar met ons. *Agenda*, 'n nuwe rubriek waar belangrike aankondigings gedoen sal word, verskyn maandeliks.

Nuwe uitstalmateriaal - Groenkessies en SA Vandag - sal julle eersdaags bereik (sien bladsy 34).

Ons voorblad vir 1992 is 'n besondere tipografiese ontwerp met ons tema deurlopend op die agterblad - 'n fees vir die oog! Geniet hierdie vol uitgawe.

The fun and games of a **Children's Carnival** is the theme for public library activities in 1992. For children's librarians this should be a fun-filled year. Give free reign to your imagination and creativity and plan your programme for the children's library with animals as the main characters. To kick off the year we have supplied you with a colouring-in calendar for children which will be followed by an extensive Library Week package. Let me say no more; we will give you more details of the activities planned for the year soon.

In response to the findings of the questionnaires returned to us, we have given the magazine a brand new look (see page 19 for an evaluation of the questionnaire). The magazine is also set in a more readable type and there are summaries in the second language for the main articles. A new bimonthly column, *Passing my desk*, will provide a humorous touch and give you the opportunity to share the trials and tribulations you have experienced in your library. Old favourites such as *In the market place*, *Rondom ons beroep*, *Children's focus* and *Library in focus* are back this year. A new monthly column, *Agenda*, will provide you with important announcements.

New display material on Green Issues and SA Today should reach you soon (see page 34).

Our cover design for 1992 is an exciting typographical design with the Children's Carnival theme on the back cover - a feast for the eye! Enjoy this issue.

AGENDA

All important announcements and notices to public librarians in the Cape Province will be published monthly in this column.

Biblioteekdiens nou Direktoraat

Die Biblioteekdiens is uiteindelik 'n volwaardige Direktoraat. Aan die einde van 1991 het die Biblioteekdiens se status binne die Provinsiale Administrasie van 'n subdirektoraat na 'n direktoraat verander. 'n Aantal bykomende poste op bestuursvlak is geskep, die Biblioteekdiens het sy 24ste streek bygekry met Milnerton as die vyfde streek binne die beheergebied, Skiereiland, terwyl bykomende poste in die bestelafdeling by Hoofkantoor geskep is.

Daar word vertrou dat hierdie nuwe diensstaat die Biblioteekdiens in staat sal stel om nie alleen sy huidige diens op dieselfde peil te handhaaf nie, maar ook om die diens aan openbare biblioteke te verbeter deur bestaande knelpunte uit die weg te probeer ruim. Daar is reeds begin om vakante poste te vul en ons hoop om meer besonderhede in dié verband in die volgende uitgawe te verskaf.

Focus on children's services

The theme for public libraries in 1992 is children's services. The Library Service has planned a number of activities and materials for a Children's Carnival which will be launched during Library Week from 11 - 15 May and will be followed through to the July and September holidays. The main aim of the Carnival is to promote libraries and reading.

The theme for the year's activities is 'Animal antics' and material such as a library colouring-in book for children, large colour-in posters, library games, puzzles, stickers, book marks, a handbook for children's librarians, a do-it-yourself mobile and a holiday reading programme are some of the highlights planned for the year. To set the tone for the rest of the year the colouring-in calendar for older children will remind them throughout the year of the importance of books and libraries.

Watter boeke in databasis en watter nie?

Slegs boeke vanaf die C-reeks aanwinningsnommers is tans in die gerekenariseerde databasis opgeneem. Boeke wat voor die C-reeks van aanwinningsnommers deur die Biblioteekdiens aangekoop is, se bibliografiese beskrywing in die katalogus is nie aanvaarbaar vir direkte opname in die databasis nie. Die ouer boeke sal weer gekatalogiseer moet word voordat dit uiteindelik opgeneem sal kan word. Dit kan die werklas van die dokumentasieaksie vergroot.

In die tweede helfte van 1992 sal die Biblioteekdiens begin met volledige voorraadopnames by openbare biblioteke om boeke van strepieskodes te voorsien. Geen strepieskode kan in 'n boek aangebring word, voordat dit nie in die databasis opgeneem is nie.

Hoe meer boeke dus uit aanwinste voor die C-reeks dateer, hoe groter sal die werklas vir die katalogiseerders wees. Dit is dus nodig dat boekvoorraad noukeurig deurgewerk word en dat boeke met aanwinningsnommers voor die C-reeks, slegs behou word indien dekking deur 'n openbare of streekbiblioteek as noodsaaklik beskou word. Openbare en streekbiblioteekarisse word versoek om deur boekvoorraad te werk en ernstig te besin oor die behoud van boeke met aanwinningsnommers voor die C-reeks.

Vloei van nuwe biblioteek- materiaal

Die implementering van die gerekenariseerde databasis vir die Biblioteekdiens op die sentrale aankoop-, voorbereidings- en voorsieningsvlakke is reeds in 'n toetsfase. Daar word beoog om vanaf Februarie 1992 die voorsiening van alle boekmateriaal aan streekbiblioteke volgens die nuwe stelsel te laat geskied. Om dit te kan doen, verg harde werk van almal betrokke by sentrale aanwinste en voorsiening by Hoofkantoor.

Omdat hierdie projek tot dusver soveel insette en manekrag vereis het, word verwag dat die vloei van nuwe biblioteekmateriaal skerp sal afneem in die eerste kwartaal van 1992. Openbare en streekbiblioteekarisse moet asseblief kennis neem van hierdie verwagte afname. Die goeie nuus is dat hierdie posisie in die tweede kwartaal behoort te verbeter en spoedig sal herstel. Die Biblioteekdiens verwag dat die totale voorsiening van nuwe materiaal vir 1992 nie negatief beïnvloed behoort te word nie. Waar die vloei in die eerste kwartaal sal afneem, sal dit daarna weer toeneem sodat elke biblioteek sy regmatige hoeveelheid nuwe materiaal sal ontvang.

Forum

From this year our letter column will be separated from the rest of the news. By doing this we hope to get even more reaction from our readers on any matters of importance. Every letter is welcome, whether it contains positive or negative criticism or comment. It is however important that

the editor must know the real names and addresses of people writing letters, especially when written under a pseudonym. The identity of these people will be kept strictly confidential. Letters can be sent to The Editor, The Cape Librarian, PO Box 2108, Cape Town, 8 000.

□ 1990 Jaarverslag

Teleurgesteld ...

Hoekom het julle afgewyk van die normale formaat vir jaarverslae? Waarskynlik om ekonomiese redes. Dit is nou net goed om deurmekaar te raak met ander uitgawes van **Die Kaapse Bibliotekaris!** Gelukkig is die inhoud nog van dieselfde hoogstaande waarde.

Groete

Jannie Hill

Streekbibliotekaris, Calvinia

Die nuwe formaat is weens praktiese oorwegings gekies. U kommentaar oor die inhoud word waardeur en ons vertrou dat u dit nuttig kan gebruik - Red.

... en tevrede!

Ek het so pas julle jaarverslag vir 1990 ontvang. Ek wil julle gelukwens met die puik publikasie. Dis nie net keurig saamgestel en werklik mooi uitgelê nie, maar die inligting is vir my nuttig en baie, baie interessant.

Dankie dat julle altyd aan ons ook dink.

Groete

Dr H J M Retief

HAUM-Daan Retief Uitgewers

□ Waardering vir Tydskrif

Gedurende die afgelope jaar (1991) het 'n ad hoc-komitee van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingswese (SAIBI) se Raad ondersoek ingestel na SAIBI se publikasies. Deel van die ondersoek is uitgevoer deur middel van 'n vraelys wat aan lede van SAIBI gestuur is. In die vraelys is geleentheid vir kommentaar gelaat.

Uit die kommentaar wat ontvang is, blyk dit dat daar in ons beroep besonder hoë waardering vir **Die Kaapse Bibliotekaris** bestaan. Heelparty onder diegene wat kommentaar bygedra het, het met groot lof na dié tydskrif verwys.

Nadat die vraelys tydens die onlangse vergadering van die Raad bespreek is, het die Raad my gevra om u mee te deel dat u tydskrif beslis 'n besondere nis in die Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingwêreld verworwer het. Die Raad wens u hartlik geluk met hierdie prestasie.

Met vriendelike groete

Prof Anna Louw

Eresekretaris, SAIBI

□ What about security?

Two weeks ago, as a test, I walked into a library, took two books

from the shelves and, without checking with the assistant walked out with them. After ten days I went back and replaced them - I could have kept them and nobody would have known. Now if I can do this, so can many, many more people.

Would it not make sense to have the counters close to the entrance and exit. Members would then present their books and receive their tickets before entering bookshelves areas. On coming out they hand in tickets and books. Parcels should be left at an outside desk as is done in large stores.

A funny thing to complain about these days, but don't you think library fees are ridiculously low? I'm not well off by any means; I simply think that with books being so expensive and so many being returned in a bad condition, an increase in fees would help to pay for the purchasing of new books and repairing of damaged ones.

I do try to make my children care for books but even so they are sometimes careless.

Yours sincerely

A library member
Cape Province

We would like to know what our readers think of this most important issue. I can just note that an article on security in the library will soon appear in the magazine - Ed.

□ US lei mense soos volg op in Biblioteekkunde


Na aanleiding van die Komitee van Universiteitshoofde se ondersoek na biblioteekopleiding in Suid-Afrika het die komitee ná intensiewe onderhandelings besluit dat my departement op 'n beperkte terrein sal voortgaan om basiese opleiding in die biblioteek- en inligtingkunde aan te bied deur middel van B Bibl- en B Bibl Hons-programme. Die Universiteit van Stellenbosch se Raad het op 'n onlangse vergadering hierdie aanbeveling goedgekeur.

Dit beteken dat sowel die skoolbiblioteekopleiding as die M- en D- studie binnekort gestaak word. Geen nuwe kandidate vir B Bibl (Ed)-, M- en D-studie is ná 31 Desember 1991 aanvaar nie. Die laaste aanbieding van die kursus vir die diploma in spesialiseringsonderwys in die skoolbiblioteekkunde was verlede jaar gewees.

Die departement sal van 1993 'n algemene basiese opleiding vir die graad B Bibl aanbied, met spesiale aandag aan die openbare biblioteekwerk.

Prof P G J Overduin, Hoof Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, Universiteit van Stellenbosch.

(Die Burger)



Strategie vir 'n Naslaandiens

Charlene Malan, Naslaanbibliotekaris, Bellville Openbare Biblioteek

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) definieer strategie as die kuns om trope, skepe en dies meer op die voordeligste wyse te beweeg en te gebruik. Strategie het al 'n geruime tyd sy plek in die bestuursopset gevind. Die definisie van Duffy is dus baie nader aan die biblioteekpraktik: "... some agreement exists that strategy comprises those decisions that define the relationship between an organization and its environment."⁽¹⁾

Strategie omvat dus die besluite wat die verhouding tussen die biblioteek en sy gebruikers raak.

Besluite wat die verhouding tussen die biblioteek en sy gebruikers raak is onder andere ten opsigte van voorraad, oop ure, omvang van die diens. Al hierdie besluite is onlosmaaklik verbind met die gemeenskap wat hy bedien. "In each community public libraries must assess the needs of their own users, with their particular circumstances, and adapt the aims or the emphasis in response to local conditions", aldus Shillinglaw.⁽²⁾

In hierdie reeks van tien artikels sal die volgende aspekte van die naslaandiens toegelig word:

1. Die gemeenskap wat ek bedien. Die bronne tot my beskikking.
2. Voorsiening in die naslaanbehoefes van my gemeenskap.
- 3-9. Leer ken jou voorraad aan die hand van spesifieke onderwerpsnavrae.
10. Die bibliotekaris/naslaanassistent as strateeg. Kompetisie (Bylaag).

Gemeenskap wat deur biblioteek bedien word

Omdat die biblioteek as instelling onlosmaaklik deel van sy gemeenskap is waarin hy geplaas is, asook finansieel in stand gehou word deur die gemeenskap wat hy bedien, kan laasgenoemde met goeie reg sekere verwagtinge van die biblioteek koester.

Swart sê: "Each library will have to identify its future users, become intimately involved in the community it serves ... prioritize its own services, based on its community's needs."⁽³⁾

Dit blyk dus dat 'n gemeenskapsopname wat demografiese faktore, sowel as sosiale en fisiese eienskappe insluit, onontbeerlik is. "Thus the community analysis will not only assist in the achievement of the aims and objectives but will at the same time provide updated information to challenge these aims and objectives."⁽⁴⁾ Aspekte van die gemeenskap waarvoor inligting ingewin behoort te word is:

- Die sosiale samestelling van die gemeenskap, byvoorbeeld ouderdom, geslag, bevolkingsgroepe, taal.
- Opvoedingspeil, byvoorbeeld, is dit 'n Derde Wêreld arbeidersgemeenskap of Eerstewêreld professionele/tegnologiese gemeenskap?
- Skole en ander opvoedingsinstansies.
- Die teenwoordigheid van ander inligtingsbronne, staatsdepartemente en ander hulporganisasies.
- Kerke, klubs en verenigings.

Harris beklemtoon ook die noodsaaklikheid van 'n profiel van die inligtingsbehoefes in die gemeenskap wat opgedeel kan word in:

- Die oplos van daaglikse probleme.
- Die hantering van krisissituasies.
- Inligting oor nuus en sake van die dag.
- Inligting om kultuur- en godsdiensige belangstellings en gesinslewe te rugsteun.
- Inligting vir ontspannings- en vrytidsaktiwiteite.
- Inligting ten opsigte van beroepe.
- Inligting vir spesiale groepe, byvoorbeeld gestremdes en anderstaliges.⁽⁵⁾

Vir praktiese wenke vir die daarstel van 'n gemeenskapsprofiel verwys ek u na die artikels van Harris (*The Cape Librarian*, Februarie 1989), sowel as 'n lys van raadpleegbare bronne saamgestel deur Iskandar (*The Cape Librarian*, March 1990).

Bronne

Tweedens is daar die bronne tot my beskikking of wat ek verder kan ontgin vir die daarstel van 'n optimale inligtingsdiens.

•Boekmateriaal

Elke biblioteek beskik oor 'n aantal basiese naslaanwerke synde ensiklopedieë, woordeboeke, jaarboeke, at-

lasse, ensovoorts. Daar rus egter 'n groot verantwoordelikheid op biblioteekpersoneel om nie alleen kennis te dra van die bestaan van 'n verskeidenheid naslaanwerke nie, maar om hulself vertrouwd te maak met die inhoud van elke werk.

Dit kan ook nie sterk genoeg beklemtoon word dat die nie-fiksie leenvoorraad net so 'n belangrike naslaanbron is nie. Personeel moet tyd maak om nuwe publikasies te bestudeer vir dit begin sirkuleer.

•Koerante en Tydskrifte

Om 'n parate diens te kan lewer, is dit nodig dat biblioteekpersoneel kennis neem van sake van die dag.

Koerante en tydskrifte bied inligting oor prominente persone, omgewingsaangeleenthede, die politiek en ekonomie, ontdekkings en rampe, resensies en baie meer. Wat vandag nuus is, word môre vir 'n skoolprojek of debat benodig.

Baie werk kan gespaar word as biblioteekpersoneel betyds inligting fotostateer en liasseer vir latere gebruik.

•Pamflette en Knipsels

Le Roux skryf: "Wherever users come to libraries for information on the issues, events and ideas of the present day, a ready reference file of pamphlets must be provided."⁽⁶⁾ Hoewel die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens 'n pamfletversameling het wat deur biblioteke benut kan word, wil ek die uitdaging aan elke biblioteek stel om 'n versameling te begin.

Thomas sê: "Conscientious maintenance of such a file is not as time-consuming as repetitious searches on the same recurrent question."⁽⁷⁾

Die kwessie van kennis van die gemeenskap is hier ook ter sprake. "A librarian who is well-acquainted with the library's clientele will have a sharp instinct for preserving needed materials."⁽⁸⁾

Artikels wat gefotostateer word, kan aanvanklik in ringlêers gehou word. Namate die versameling groei kan dit in koeverte in liasseerkabinette gebêre word.

Dit is raadsaam om opskrifte slegs in een taal te hê en so spesifiek moontlik te wees. Die benadering moet wees dat die

pamfletversameling inligting bevat wat nie in boeke beskikbaar is nie. Die pamfletversameling moet netjies in stand gehou word en die inhoud gereeld gekontroleer word. 'n Aantreklike versameling wat op datum is, moet altyd die doelwit wees.

•Onderwerpsindeks

Die doel van die onderwerpsindeks is tweeledig van aard:

- Dit ontsluit die inligting in die pamfletversameling. Vir elke koevert moet daar dus 'n kaartjie wees wat aandui dat daar inligting in die pamfletversameling is.
- Op dieselfde kaartjie kan ook ander bronne gelys word wat inligting oor die onderwerp bevat. (Sien diagram hieronder.)

Daar moet ruim gebruik gemaak word van verwysings omdat onderwerpe

"A successful information service depends much less on so-called expertise than on common sense, practical experience and enthusiasm for the task in hand."⁽¹⁰⁾

Volgens Aitchison dui alle geraadpleegde literatuur daarop dat die openbare biblioteek die ideale organisasie is om 'n gemeenskapsinligtingsdiens te implementeer, op grond van die volgende:

- Biblioteke is dikwels oop wanneer ander instansies gesluit is.
- Personeel is opelei om inligting te soek en só te orden dat dit maklik ontsluit kan word.
- Openbare biblioteke is gevestigde instellings.
- Openbare biblioteke het 'n beeld van neutraliteit.⁽¹¹⁾

Die gemeenskapsinligtingsdiens van 'n bepaalde biblioteek is egter onlosmaaklik verbind aan die behoeftes van die gemeenskap wat hy bedien.

Fouche aangehaal deur Aitchison, lys voorbeelde van inligtingsbehoefes wat as basis by die samestelling van gemeenskapsinligting gebruik kan word:

- Gebruikersgoedere en dienste.
- Finansies en regsaspekte.
- Fisiese en geestelike gesondheid en welsyn.
- Persoonlike, gesins- en gemeenskapsaangeleenthede.
- Onderwys, opleiding en vrytidsaktiwiteite.

Dit blyk ook uit studies by sewe Britse biblioteke dat drie modelle van gemeenskapsinligtingsdiens geïdentifiseer word naamlik:

- Direkte diens: Biblioteekpersoneel ken 'n sekere plek aan inligtingsbronne toe en verskaf inligting direk aan gebruikers.
- Rugsteundiens: Biblioteke help instansies of professionele persone betrokke by hulpverlening, deur byvoorbeeld die publikasie van gidse met gemeenskapsinligting of inligtingstukke oor spesifieke onderwerpe; advies aan groepe oor die

versameling en rangskikking van inligting, blokkennings van boeke, publisiteit, ensovoorts.

- Self-help: Die biblioteek dien as tussenliggende omgewing, regulasies, belasting te interpreter; gebruikers met die invul van vorms te help, nuutgeletterdes te help met byvoorbeeld die skryf van formele briewe, soos aansoeke om werk; navrae oor pensioene, ensovoorts.

Ten Slotte

Dit blyk uit die voorafgaande dat indien die biblioteekpersoneel die bronne wat tot hulle beskikking is, optimaal ontgin en in verband bring met die gemeenskap wat bedien word, die openbare biblioteek 'n noodsaaklike rol vervul.

"Despite the electronic communication revolution, the public library will remain a valuable educational, informational, cultural and leisure resource for the common man."⁽¹²⁾

Verwysings

1. Duffy, N.M. & Assad, M.G. *Information management*. Oxford UP, 1989.
2. *The Information Society*. Donker, 1988.
3. Swart, I. Public libraries: the road ahead. *The Cape Librarian*, October 1990.
4. Garish, C. Community information service. *Die Kaapse Bibliotekaris*, Maart 1987.
5. Harris, D. Community surveys. *The Cape Librarian*, Februarie 1989.
6. **Le Roux, D.** The pamphlet collection: a ready reference tool. *The Cape Librarian*, April 1991.
- 7&8. **Thomas, D.M.** *The effective reference librarian*. Academic Press, 1981. N.Y.
- 9&10. **Burdette, L.** Setting up an information service in the small public library. *Artes Nates*, August 1988.
11. **Aitchison, J.** Community information services in public libraries in South Africa in the 1980's. *Innovation*, June 1991.
12. *The Information Society*. Donker, 1988.

DUI AAN DIT IS IN PAMFLET
VERSAMELING → (P)

LANGENHOVEN, CJ

KANNEMEYER, JC Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur v.1 R839.3609 KAN
DICTIONARY of SA Biography v.1 R920.68 DIC
VYFTIG Afr Skrywers RQ290 A-Z VYF p 28-29
NIENABER, PJ Langenhoven die volkskrywer R839.36 LAN
BEUKES, G Skrywers en rigtings R839.3609 BEU
NIENABER, PJ Perspektief & profiel R839.3609 NIE
WÊRELDSPKTRUM v 16 P192-193

↑ UITLEEN


onder verskillende soekterme benader kan word.

•Gemeenskapsinligting

Gemeenskapsinligtingsdiens gaan sover terug as die Tweede Wêreldoorlog. Citizens Advice Bureaus help individue met probleme soos noodregulasies, verlore familie en ontzuiging.

Burdette skryf: "What is required today is up-to-date information on everyday matters which helps the individual to exercise better control over his own circumstances; information which helps him to solve problems, make better decisions, and which may lead to cultural enrichment."⁽⁹⁾

Gemeenskapsinligting verskil van tradisionele inligtingsbronne: Dit kan verkry word van staatsdepartemente, tydtafels, klubs, verenigings, koerante, ensovoorts.



Calvinia Openbare Biblioteek

Hester Olivier, Bibliotekaris

Calvinia is aan die voet van die Hantamberge geleë. Aan die suidekant staan die trotse Rebonieberg met 'n krater bo-in waar die Roggeveldberge begin. Hantam is 'n Khoi-woord wat 'Die berg van die rooi veldwortel' beteken en Rebonie beteken 'Roep-my-niet'. Daar is 'n legende van gevangeses wat ontsnap het, teen die Rebonieberg uitgeklim het en in die krater af. So het hulle mekaar geroep en die voorste een het dan geskree, waarvan die eggo's - 'Roep-my-niet!' - gehoor is.

Hantam was afhanklik van Clanwilliam vir troues en ander kerkgeleenthede. In 1847 stig die gemeente af en koop die stuk grond, Ramskop, van Veldkornet Abraham van Wyk vir 60 000 gulden (£1 500). Die eerste predikant, ds NJ Hofmeyr, versoek op die eerste kerkraadsvergadering dat die naam Hantam na Calvinia verander word, genoem na die kerkhervormer Calvyn.

Hantam, blommetypt, maar ook soos Charles Fryer, Hantamkind en digter sou sê: "Dis 'n hoefyster van berge, wyseling van hoeke en hange, van tepels en tafels, met tussenin die droë bossieveld swarterig van kapok en skaapkos." (Uit Klein Koninkryk.)

Biblioteekgeskiedenis

'n Subskripsiebiblioteek is in 1862 gestig. Dit is interessant om uit die notules van 1904 te sien dat dr A van Rhyn ook eens op die komitee was en dit wil voorkom asof die magistraat ook 'n komiteelid was.

Mev Maria Malan (gebore Louw), eggenote van dr DF Malan, was ook 'n tydjie bibliotekaresse.

Op 15 Oktober 1951 ontvang die biblioteek die eerste 250 boeke vanaf die Biblioteekdiens met mev Lulu Baartman as bibliotekaresse. Ongeveer tien jaar later word 'n platespeler, plate en projektor voorsien en minder as 'n jaar daarna kry die biblioteek kunsafdrukke.

Die munisipaliteit het op 3 Desember 1955 aansoek gedoen om by die Provinsiale Biblioteekdiens geaffilieer te word. Dit is deur die destydse Direkteur van die Biblioteekdiens, dr Theo Friis,

goedgekeur en die huidige biblioteek is op 24 Augustus 1961 deur hom geopen.

Biblioteekgebruik

Die biblioteek het tans 1550 lede waarvan 500 in die distrik woon. Distrikselede betaal vanjaar R17,50 ledegeld per lid per jaar. Die inwoners is baie ywerige lesers, veral die plaasemense wat maar een keer per week dorp toe kom. Skoolkinders besoek die biblioteek baie - vanaf voorskoolse kinders tot universiteitsstudente. Temas en take word ook op groot skaal gedoen, die kinders hang partykeer oor die lae rakke by gebrek aan siplek. Inligting en prente word altyd in die liasseerkabinet vir dié doel gebere. Tydens vakansies is die biblioteek vir die studente 'n lees- en kuierplek.

Demonstrasies word ook gereeld aangebied. Onlangs is 'n baie geslaagde weefkursus deur Clandine Louw van Bellville aangebied. Pragtige uitstallings van weefwerk van plaaslike weewers is ook in die biblioteek uitgestal met 'n Paella-ete daarna. Hoe om blomme te droog, materiaal druk, binnenshuisversiering, ensovoorts, is ook al gedemonstreer en handwerk van senior burgers word soms uitgestal.

Vir die Kleuterskool en die kleiner speelgroepie soek onderwyseresse boeke uit wat hulle in die klasse gebruik. Rolprente word gereeld deur die streekpersoneel vertoon en video's met 'n opvoedkundige strekking word dikwels in die skool vertoon, veral as dit op sekere vakke betrekking het. Musiekonderwyseresse maak baie gebruik van die plate en boeke, veral met Mozartjaar verlede jaar.

Praatjies word ook dikwels gehou by die Vroue Landbou Vereniging, die ACVV en ander organisasies. Spesiale uitstallings word

dikwels gemaak soos tydens die vleisfees.

Omdat die biblioteek so sentraal geleë is, is dit dikwels 'n rusplek na inkopies en blokkiesraaisels word gereeld hier ingevul.

Aktiwiteite

Mooi vrolik getekende plakkate versier die kinderafdeling in die biblioteek om die kinders se leeslus aan te wakker. Tekeninge van kinders word ook opgeplak. En kinders kan jou hart behoorlik warm maak, veral as 'n opgeskote seun op 'n koshuismiddag 'n klein opgevoerde briefie in jou hand druk. As jy dit later oopmaak en lees hoe vier kamermaats dankie sê en hoe hulle die boeke, veral die reeks Bybelboeke, geniet met onderaan geskrywe "Liefde vir Tannie, Jan-Paul, Jannie, Schalk, Frikkie", dan is jy so spyt dat hulle al weg is, want jy sou hulle graag elke 'n drukkie wou gee.

Poppekasvertonings word ook gereeld gehou. Septembermaand - Vriendskapsmaand - was dit die Vriende van die Biblioteek se beurt om elke Donderdag by die siekeboeg in die ouetehuis 'n program aan te bied. 'n Poppekas oor die senior burger, sy kwale en verbode medisyne wat hulle gebruik, is vir afwisseling gehou wat hulle baie geniet het.

Tydens Biblioteekweek word ook gereeld 'n verskeidenheidskonsert vir die senior burgers gehou en aan die einde van die jaar 'n Kerstspel. 'n Rustige

atmosfeer word geskep deur sagte musiek te speel in die biblioteek.


Ten slotte ...

"Ek glo dat deur aan jou lede te gee, van jouself en jou biblioteek, kan 'n mens op meer as een gebied sukses in jou biblioteek behaal."

Luister na jou lede se behoeftes, leed en hul vreugdes. Maak aantreklike uit-

stallings met nuwe boeke, veral dié wat jy weet jou gebruikers se behoeftes sal vervul. Maak hulle bewus van die inligtingsdiens en soveel ander dienste in die biblioteek. 'n Vriendelike gesig en 'n glimlag sê ook baie as 'n persoon by die biblioteek instap.

Die biblioteek se leuse wat groot in die biblioteek pryk, is 'N GROET EN 'N GLIMLAG KOS NIKS.



Die biblioteek in 1961



'n Kleurvolle fietsry-optog tydens Biblioteekweek 1991.



Poppekas! Mev Hester Olivier (middel), J Steenkamp en Sella van Niekerk.



'n Mozart-uitstalling in 1991.



Gebruikers besig met 'n blokkiesraaisel.



Wenners van 'n opstelwedstryd en wie die meeste in 1991 gelees het.



Droë blomme word hier gerrangskik.


Stigtingsdatum (Biblioteekdiens) 15 Oktober 1951

Voorraad

Boeke	8 883
Kunsafdrukke	242
Plate	343
Video's	120

Sirkulasie: 1990

Boeke	66 122
Kunsafdrukke	579
Plate	2 705
Video's	4 610



André P Brink

Linette Viljoen, Human & Rousseau

André P Brink is 'n fenomeen, die mees gelese en mees omstrede Afrikaanse skrywer.


Brink het in 1962 met *Lobola vir die lewe* en *Die ambassadeur* bygedra tot "die deurbraak van die moderne roman in Afrikaans". Daarmee het hy ook 'n leier van die vernuwing van sestig geword. Dit is veral vanaf *Kennis van die aand* dat hy ook internasionale erkenning geniet. Hierdie roman, asook 'n *Oomblik in die wind*, *Gerugte van reën*, 'n *Droë wit seisoen* en *Houd-den-Bekis*, of word in 26 tale vertaal, van Serbo-Kroaties tot Xhosa, en word gelees van Argentinië tot Rusland, van Israel tot Finland.

Brink se jongste roman, *Die kreef raak gewoon* daaraan, het reeds in Engels verskyn as *An act of terror* en word in die meeste groot Europese tale vertaal. Die Noorse uitgawe, byvoorbeeld, het nog voor die Engelse een verskyn, en is reeds deur 'n Skandinawiese boekklub aangekoop. (Lees ook die resensie op bladsy 24.)

Die kreef raak gewoon daaraan is groots in opset en groot in omvang en kan gesien word as Suid-Afrika se eerste groot internasionale roman van die De Klerk era. In 'n sekere sin sluit dit kultuurhistories die ou Suid-Afrika af en lui die nuwe in.

Met hierdie roman, sy eerste sedert *Muur van die pies*, voltooi André Brink die kringloop wat begin het met *Kennis van die aand*. Sedert daardie boek het al sy romans te doen gehad met die vrae waarmee hy as mens, skrywer, Suid-Afrikaner en Afrikaner geworstel het. Die gebruik van geskiedkundige gegewens, die uitwerking van die sensuurbevel, politieke betrokkenheid en seksualiteit en erotiek is alles wesenlike aspekte van Brink se werk.

As romanskrywer is hy internasionaal vereer. Hy is reeds twee keer vir die Booker Prize in Brittanje genomineer. Die Martin Luther King Memorial Prize is aan hom toegeken en in 1980 het Frankryk hom vereer met die hoogste toekenning vir internasionale literatuur, die Priz Médicis Étranger. Hy is in 1982 benoem tot ridder van die Franse Legion



deur André P Brink verskyn, sommige van hulle kinder- en jeugboeke (wat insluit die meesterlike, bekroonde vertaling van Lewis Carroll se *Alice in Wonderland* en *Through the Looking Glass*, asook Kenneth Graham se *The Wind in the Willows*) maar ook verskeie belangrike literêre werke soos 'n verkorte weergawe van *Don Quijote* en vertalings van dramas van Shakespeare, Tsjechow en Ibsen.

As toonaangewende sestiger het Brink die Afrikaanse letterkunde verryk met temas en begrippe wat aansluit by die groter wêreldletterkunde. Sy navorsing van die tydgenootlike Europese strominge het gelei tot uitgebreide geografiese reise, veral in die Latynse lande. Uit sy belewenis van dié lande het 'n sestal uitmuntende reisboeke verskyn. Hy is trouens die enigste reisverhaalskrywer wat nog vir die genre bekroon is. 'n Uitsoekversameling saamgestel uit sy reisverhale oor Frankryk, Spanje, Portugal en Italië het verlede jaar onder die titel *Latynse reise* verskyn (en die eerste oplaag is reeds uitverkoop).

By die breë publiek het Brink se omstrede politieke beskouinge al baie kritiek ontlok. Maar of jy nou Brink se menings deel of nie, is dit duidelik dat diep en ernstige denke aan die grondslag van sy oortuigings lê. Hy is 'n mens wat 'n saak deeglik deurskou voordat hy 'n eie mening waag.

André P Brink is die toonbeeld van gulheid en meelewendheid wanneer dit by sy medeskrywers kom. Baie jong skrywers stuur op eie houtjie manuskripte aan hom wat hy dan geduldig deurwerk en met uitvoerige raad terugstuur of by 'n uitgewer aanbeveel. Vanweë Brink se internasionale invloed het meer as een skrywer sukses, ook buite Suid-Afrika, aan hom te danke. Waar hy tans professor in Engels aan die Universiteit van Kaapstad is, sal hy ongetwyfeld voortgaan om nuwe talent te ontgin en aan te moedig.

Indien u biblioteek se voorraad van André Brink se boeke onvoldoende is, kontak die streekbibliotekaris.



The Booker Prize, 1991

Compiled by Cecily van Gend, Book Selector

The 1991 winner of the Booker Prize was announced in London on 22 October 1991. The shortlist of six titles in the running was released a month previously, accompanied by the usual frenzied activity at the bookmakers, offering varying odds on the competing authors.

Despite receiving the longest odds, the winner was the Nigerian-born writer, Ben Okri, for his fifth novel, *The famished road*. It is an episodic, poetic and richly imaginative work, narrated by the spirit-child Azaro, who did not want to be born, but who continues to have mystic visions of reality in the Nigerian village beset by hunger, grinding poverty and political strife.

Okri, although born in Nigeria, spent his first seven years in England, where his father came to study law. On the family's return to Lagos, his father became a poor man's lawyer, and Ben was constantly having to leave school, because the fees could not be paid. He later returned to England to study comparative literature at Essex University, but was unable to complete his degree because he could not afford the tuition fees. His first novel was published during this time. Of all the writers on the shortlist, he will possibly most appreciate both the acclaim and the financial benefits. His collection of stories, *Incidents at the shrine*, won the African section of the 1987 Commonwealth Writers prize, but generally speaking his writing has received little attention, probably because it is not easy to read and lacks popular appeal. He writes, he says "for the heart that suffers and the heart that loves ... I'm the invisible one ... I'm only visible temporarily then I'll go back to my solitude. The only change I hope for is that I can write without so much hunger." (Interview with Linda Grant in the *Observer*, 27 October 1991.)

The other titles on the shortlist were

• **Martin Amis: *Time's arrow***

This author has been on the shortlist before, and was the bookies' favourite. Always an experimental writer, his latest novel is no exception - the tale is told backwards, as the narrator recounts his life story from death to birth in a searing vision of guilt.

• **Roddy Doyle: *The van***

Doyle is the author of the novel on which the film *The commitments* was based, and in *The van* he continues the saga of the Rabbitte family, as Jimmy Rabbitte Senior, unemployed, becomes a partner in a fish-and-chip van. Set in the heady days of Ireland's triumphs in the World Cup, this is a "tender tale of male friendship, swimming in grease and stained with ketchup".

• **Rohinton Mistry: *Such a long journey***

Now living in Canada, Mistry was born and grew up in

Bombay, and in this, his first novel, he "gives us a vision of Bombay as perhaps only an artist in exile could: the plentitude of his description, the patient accumulation of detail, the bird's eye view of politics and the worm's eye view of clamouring life, combine a stranger's sense of wonder with a familiar's intimacy." (Nicci Gerrard writing in the *Observer*, 20 October, 1991.)

• **Timothy Mo: *The redundancy of courage***

Mo, author of the vibrant and colourful, *Sour sweet*, and *The monkey king*, has written a powerful and thought-provoking account of the invasion of a small Pacific island by one of its more powerful neighbours. It is "a story of sacrifice and friendship in terrible times, told with compelling simplicity, narrative drive, and unexpected humour. It contains the urgency of a thriller and a rare depth of political insight and compassion".

• **William Trevor: *Reading Turgenyev***

One of two novellas appearing together in a volume entitled *Two lives*, this is set in rural Ireland at the turn of the century, and is the poignant and moving account of the way in which illusion provides compensation for a stifling existence. Mary Louise, trapped in marriage to an impatient older man, fantasises about her love for her dead cousin, with whom she used to read Turgenyev.

1991's Judges

The judges were Jeremy Treglown (chair), Penelope Fitzgerald, Jonathan Keates and Ann Schlee. A fifth judge, Nicholas Mosely, resigned in protest at the selection of the shortlist. He was against the inclusion of the Martin Amis title, and favoured instead Alan Massie's *The sins of the fathers*.

As a footnote, the following anecdote, recounted by Anthony Lejeune in his *London Letter* on the SABC's English programme one Sunday evening, once again underlines the whole question of the relevance, or importance, of literary prizes. Apparently the *Mail on Sunday*, in an effort to discover how many of the shortlisted books were actually read by the public, went round to a number of bookshops throughout the country with vouchers enabling the holders to claim £5 from the *Mail* on presentation of the voucher. These were placed 2/3 of the way into each of the shortlisted novels. By the time the winner was announced, only a handful of the vouchers had been redeemed, and none of these was from the Okri novel. As Lejeune dryly remarked, obviously the rest of the books purchased were bought by early Christmas shoppers.





IFLA Conference in Moscow

Mary Nassimbeni, Senior Lecturer, School of Librarianship, University of Cape Town

The annual conference of the International Federation of Library Associations coincided with the historical attempted ousting of USSR president, Mikhail Gorbachev, in August 1991. Librarians from South Africa together with delegates from 75 other countries, attended the conference. Mary Nassimbeni from the University of Cape Town tells how she experienced the week in Moscow.

The 57th Annual IFLA Conference, held in Moscow from 18-24 August 1991, addressed the theme *Libraries and culture: their relationship*. This provided a timely opportunity for many library and information workers, particularly in countries such as ours which is currently very concerned with closely related issues such as nation-building, national identity and a national culture, to explore and reflect on the role of library and information services as mediators of culture.

The 1 600 delegates came from 76 countries. There were 14 South Africans, including three exiles who had travelled from Tanzania and England.

Sunday, 18 August 1991

We registered on Sunday at the Conference which was held at the World Trade Centre, Sovincentr, which can (and on occasion later in the week had to) be reached by foot along the Moscow River Embankment in 20 minutes, a walk which takes you past the Russian Parliament - the White House - which is a ten minute walk from our hotel, the

Belgrade. That day the first session consisted of contributed papers, among the most interesting of which was a paper by Mr E Adimorah of the Imo State Library Board, Nigeria, on rural community systems and culture in Africa.

Monday, 19 August 1991

At breakfast on Monday morning we heard from Eastern European colleagues about radio reports that the president, Mr Mikhail Gorbachev, was ill in the Crimea and that the Committee of Eight had taken over. The various sessions of the Conference that day were held amidst anxiety and uncertainty about the significance of the news reports which were confirmed by our Russian colleagues. The Conference was officially opened on Monday afternoon by the Minister of Culture of the USSR, Mr Nicolai Gubenko - a distinguished Russian actor and film director. Before presenting his paper he made a statement about the political crisis. He asked us not to panic and to proceed with our Conference. He also said that it was unacceptable to have Soviet tanks in the

streets of Moscow and that he hoped to see or hear from Gorbachev shortly.

Tuesday, 20 August 1991

On Tuesday morning, delegates from the Belgrade Hotel (including my companions Joan de Beer of State Library and Piet Westra of the South African Library) walked to Sovincentr along the Moscow River Embankment because the roads were blocked. We had to climb over the barricades outside the Whitehouse, Russian President Boris Yeltsin's stronghold. The Organisers of the Conference issued a statement that the Conference would proceed but that we should be in touch with our Embassies and that we should carry our tickets, our passports and our money with us.

That afternoon many of the South African delegates attended the Africa session which could almost be called the South Africa session because all the papers were presented by South Africans: Philip van Zijl of Mangosuthu Technikon, Noki Pakade of the Community Resource Training Project in Durban, who stood in at the last minute



Mary Nassimbeni, Piet Westra (South African Library) and Joan de Beer (State Library) in the Red Square in Moscow.



Burnt out tram at the intersection of Kalinin Propekt and Ring Road. This was the place where the three young men died when tanks tried to smash through barricades.



for a speaker from Morocco who was absent, and by me. This combination made for a very focused session because all of the contributions dealt with community resource centres and made for a pleasingly coherent and useful question and discussion time after the papers. The Chairman, Bart Nwafor of Nigeria, explained that the pattern deviated from that of former years because this was the first time that South Africans had been invited to deliver papers at this session. Later that evening we attended a reception at the Pushkin Museum. We were offered apple juice and biscuits since the staff were responding to a strike call by Yeltsin to signal opposition to the coup.

